# Heffing lewer resultate met navorsing en ontwikkeling

Lof vir die Suid-Afrikaanse saadheffingstelsel waarvolgens telers aangemoedig word om kultivars te ontwikkel is deur 'n Suid-Amerikaanse kundige van plantgenetika uitgespreek.

Die stelsel sorg vir aanhoudende befondsing, dit is koste-doeltreffend, versprei die risiko en beloon die saadteler vir ontwikkeling, het Augustin Herrera Vegas van die plantgene-tikamaatskappy GDM tydens 'n inligtingsdag van die Suid-Afrikaanse Agentskap vir Kultivar- en Tegnologie-ontwikkeling (SACTA) gesê. Boonop maak hierdie eindpuntheffingstelsel die speelveld vir almal gelyk en skakel rugryers uit.

SACTA, 'n nie-winsmaatskappy, administreer die statutêre heffing van die selfbestuiwende gewasse koring, gars, hawer, lupiene en soja. In die afgelope jaar is R62,5 miljoen aan saad- en tegnologiemaatskappye in die wintergraanbedryf betaal en R147 miljoen aan maatskappy wat by sojabone betrokke is. Volgens statutêre vereistes word 'n beperkte deel van die inkomste vir adminstrasie aangewend en 20% vir transforma-sie in entrepreneurskap, vaardigheidsontwikkeling en sosio-ekonomiese behoeftes.
Ryk Pretorius, voorsitter van SACTA se raad van direkteure en 'n boer uit die Ermelo-distrik, sê met die heffingstelsel word risiko verdeel tussen telers, produsente en tegnolo-gieverskaffers. "Ons werk saam daaraan om 'n oplossing vir voedselsekerheid te lewer."
Hy het beklemtoon dat SACTA daaraan toegewyd is om voortdurende toegang aan graanprodusente te lewer tot 'n pyplyn van voorste genetika en tegnologie.
"SACTA bly gefokus op die doel om die finansiële volhou-baarheid en mededinging van Suid-Arikaanse graanprodusen-te te bevorder. Ons missie is om heffings te bestuur, in te samel en te versprei sodat die volgehoue vindingrykheid van oopbe-stuifde gewasse ondersteun kan word."
Twee direkteure afkomstig van onder meer die nasionale saadorganisasie Sansor, Graan SA, die landbousakekamer Ag-biz en die minister van landbou dien in SACTA se raad.
Danksy die heffingstelsel is 65 nuwe koringkultivars se-dert 2018 geregistreer, het Andrew Bennett, uitvoerende hoof van SACTA, tydens die inlgtingsdag gesê. By sojabone het die getal geregistreerde kultivars van 150 in Junie 2022 tot 279 in Desember 2024 toegeneem. Boonop is die plaaslike mark nou aanlokliker vir internasio maatskappye en drie internasion teel- en tegnologiemaatskappye Suid-Afrika sake begin doen.


Andrew Bennett

Vir elke gewas word hef-fings afsonderlik geadministreer en statutêr volgens termyne vas-gestel, waarby alle rolspelers be-trokke is. By sojabone, koring, gars en hawer beloop die termyn drie jaar en by lupiene twee jaar.
Volgens 'n benaderde ontleding van die heffingsinkomste word R74,99 van elke R100 uit inkomste aan saadtelers en maatskappye betaal. Die administratiewe koste beloop R5,50 van elke R100 en vir transformasie word R19,51 aangewend.
Organisasies wat die heffings insamel verdien 'n kommis-sie daarop en speel 'n belangrike rol om inligting te kry oor watter maatskappye se saad en kultivars geplant word. Dat heffings suksesvol ingesamel word blyk uit die statistiek wat Bennett tydens die inligtingsdag oorgedra het. In koring se bemarkingsjaar van 2023/24 was die insamelingskoers 96% en in soja se bemarkingsjaar van 2024/25 was die koers 92%.
Wintergraan se heffings per ton in 2024/25 was R34,00 vir koring, gars en hawer en R35,00 vir lupiene. Vir sojabone is 2025/26 se heffing R70,00/ton.

### * Kleinboere se rol

Henry Davies, projekbestuurder van die Eden Foundation by Bergville het tydens die inligtingsdag oor die rol van klein-skaalse produsente in voedselsekerheid gesê dié produsente is deurslaggewend vir Suid-Afrika se voedselsekerheid. Hierdie produsente op hul plase van 2 tot 5 ha groot is suksesvol en lewer 'n bydrae. "Ons wil hê hulle moet floreer en nie net oorleef nie, want kos is van nasionale belang, nie net vir pro-dusente nie."
Volgens SACTA se inligting het ontwikkelende produsente in die afgelope twee seisoene gewasse op 7 800 ha geplant. Dit sluit 3 400 ha onder sojabone, 1 500 ha se koring en 1 300 ha se mielies in.


**Ryk Pretorius, voorsitter van SACTA.**
Foto: SACTA You Tube